



REPRIEVE

DEELNEMER-NUUSBRIEF



'n Boodskap van Dr. Steve Grinspoon en Dr. Pam Douglas, medehoofondersoekers van REPRIEVE

Laat ons begin deur jou te bedank vir jou deelname in REPRIEVE. Jou voortgesette verbintenis aan REPRIEVE is noodsaaklik om ons te help om hartsiektes beter te verstaan en hopelik om een dag hartsiektes te voorkom tussen mense wat met MIV saamleef. Ons kan dit eenvoudig nie sonder jou doen nie.

Dankie vir jou deelname. REPRIEVE sou nie moontlik sonder jou gewees het nie.

Hierdie nuusbrieff laat ons toe om direk met jou te kommunikeer-die navorsingsdeelnemers van REPRIEVE-en op hierdie manier kan ons almal ingelig hou oor ons gesamenlike vordering.

Ons het reeds saam merkwaardige vordering gemaak deur die voltooiing van die aansluiting by hierdie heel eerste hartsiekte-voorkomingsproefneming tussen mense met MIV. REPRIEVE is ook die grootste, verwekansig-gekontroleerde proefneming tot op hede in MIV. Jy is deel van hierdie mylpaalstudie en hiervoor is ons so dankbaar vir jou gewilligheid om ons te help.

REPRIEVE is 4 jaar gelede gestig en ons begin kyk na die basislynda van die studie. Ons hoop om binnekort oor ons bevindings te skryf en ons sal seker maak om aan te kondig wanneer die bevindings op die REPRIEVE-webtuiste gepubliseer sal word-kyk gerus telkens uit hiervoor by www.reprievetriall.org.

Die laaste besoek vir die studie sal in die lente van 2023 plaasvind en tot dan sal ons besig wees om die behoud van deelnemers te verseker. Bietjies-bietjies maak ons egter vordering. Ons kan jou nie genoeg bedank vir jou voortgesette deelname of die belangrikheid van wat ons saam doen, onderbeklemtoon nie.

REPRIEVE se aansluitings is sedert Maart 2019 voltooi!

Is Statien 'n Substituut vir 'n Gesonde Hart Leefstyl?



'n Onlangse studie (Tsugawa, T et al. JAMA Internal Medicine. 2014) het die eetgewoontes van mense wat statien inneem vergelyk in teenstelling met mense wat nie statien inneem nie.

Die navorsers het bevind dat mense wat statien inneem 'n dieet verklaar het wat nie as gesond vir die hart beskou word nie. Ons beveel aan dat wanneer statien geneem word, om die gesonde hart dieet te volg wat aanbeveel word in die deelnemer-inligtingstuk wat by elke jaarlikse REPRIEVE-besoek uitgegee word. 'n Gesonde hart dieet sluit vrugte en groente in, en beperk vette en olies van botter, varkvet en volmelk suiwelprodukte soos roomys.

Die Hart van REPRIEVE: Hartvoorvalle



By REPRIEVE samel ons inligting by jou in oor hartsiekte-voorvalle soos hartaanvalle of beroertes, by elke besoek, **hierdie inligting sal ons laat weet of die statien wat in REPRIEVE gebruik word doeltreffend werk.** Gebaseer op wat jy ons

tydens jou studiebesoek vertel en met jou toestemming, verkry REPRIEVE-personeel inligting om sommige van die mediese toestande te bevestig wat jy aan jou studiespan rapporteer. Indien jy 'n besoek misloop, sal terreinpersoneel jou kontak of jou aangewese noodkontak of aangewese versorger raadpleeg om vas te stel of jy 'n hartsiekte-voorval gehad het.

Dit is belangrik om gedurende 'n studiebesoek te noem dat jy 'n voorval ervaar het wat 'n hartvoorval kon wees soos 'n hartaanval, beroerte of borspyn. Noem ook asseblief tydens 'n studiebesoek of jy hospitalisasie of enige mediese toetse gehad het wat aanduidend is van 'n hartvoorval. Op hierdie manier kan ons addisionele besonderhede verkry.

Met jou bystand om elke potensiële hartvoorval aan jou REPRIEVE-span te rapporteer, is ons vol vertroue dat ons nie 'n enkele hartvoorval sal misloop nie.

Belangrike gesondheidsinligting is van JOU by ELKE studiebesoek verkry, woon asseblief ELKE studiebesoek by!

REPRIEVE Deelnemers Gee die Pas aan

Waar sluit REPRIEVE Deelnemers aan?

REPRIEVE-deelnemers sluit aan in 11 lande by meer as 100 kliniese persele wêreldwyd!



Hoe Het Mense Van REPRIEVE Te Hore Gekom?

Die mees gewilde manier wat mense van REPRIEVE te hore gekom het was via 'n verwysing binne 'n kliniese ligging.



ADVERTERING



VOORVAL



VRIEND/FAMILIE



VERWYSING



VLUGSKRIF/
NUUSBRIEF



VOORSIENER
(MEDIESE/NIEMEDIESE)



TERREIN-WERWER

Oor die Studie

Enkele Kernstatistieke Oor REPRIEVE-deelnemers:

7557

HOEEVEELHEID
DEELNEMERS

32%

PERSENTASIE
VAN VROUE

50

GEMIDDELDE
OUDERDOM

13

GEMIDDELDE JARE WAT
MET MIV SAAMLEEF

Hartgesondheidswenk!

WENKE

Het jy geweet dat tandheelkundige gesondheid 'n goeie aanduiding is van algehele gesondheid, insluitend jou hart? Mense wat tandvleis (periodontale) siekte het, het dikwels dieselfde risikofaktore vir hartsiekte. Sommige navorsingstudies het getoon dat tandvleissiekte verbind kan word aan inflammasie van bloedvate, wat op sy beurt jou risiko vir hartsiekte kan verhoog.

Wat kan jy doen? Vlos en borsel jou tande daaglik om tandvleissiekte af te weer en onthou om gereeld jou tandarts vir ondersoek te besoek.

Ontmoet Ander REPRIEVE-deelnemers!

REPRIEVE-deelnemers is hoogs gemotiveerde individue wat die toekoms van hartsiektevoorkoming in MIV skep. Lees hoekom REPRIEVE belangrik is vir hulle.

"Om iets te doen wat my en ander in die toekoms kan help is van onskatbare waarde. Voorkoming is die sleutelwoord om lewensgehalte te help verbeter en REPRIEVE investeer daarin om vasculêre siektes te voorkom wat vir baie mense noodlottig kan wees. Dit is 'n eer om deel van die REPRIEVE-studie te wees."



—KARINA MCCLANAHAN, DALLAS TEXAS, USA.

MOUSSON Gaspard glo dat gesondheid fundamenteel is. Hy glo ook dat die REPRIEVE-studie baie belangrik vir hom as persoon is wat met MIV saamleef en wat daaglik antiretrovirale medikasie moet neem om sy virale lading onbespeurbaar te hou. Deur deelname aan die studie voel hy dat hy sy risiko's verminder om kardiovaskulêre siekte op te doen.



—MOUSSON GASPARD, PORT-AU-PRINCE, HAITI

"Ek neem al vir meer as 23 jaar deel aan kliniese navorsing wat deur die "ACTG" geborg is. Die kere toe daar geen alternatiewes of behandelingsopsies was om my lewe te verleng en om lewensgehalte te voorsien nie, was dit deur middel van kliniese proefnemings wat ek alternatiewes gevind het wat my in staat gestel het om my lewe te verleng. Die uitnemendheid en mediese sorg wat ek deur al die jare as 'n deelnemer aan kliniese navorsing ontvang het, gee my die sekerheid en oortuiging van hoe hoogs voordelig dit is vir die gemeenskap wat met MIV/VIGS saamleef. Bykomend tot die belangrikheid van die nakoming om medikasie te gebruik, is daar gepaardgaande toestande wat behandel moet word. REPRIEVE bestudeer een van hierdie toestande. My deelname aan REPRIEVE gee my die geleentheid om by te dra om moontlik voldoende gereedskap daar te stel om hartsiekte, nie net vir my nie, maar vir die res van die gemeenskap te voorkom."



—CARLOS VELEZ-VELAZQUEZ, SAN JUAN, PUERTO RICO

Baie dankie aan ons borge:



VIR OPDATERINGS OOR REPRIEVE, BESOEK ASSEBLIEF ONS WEBWERF BY WWW.REPRIEVETRIAL.ORG